

7 Maart

Skrifgedeelte: Markus 1:1-20 (OAV)

Die Engel van die verbond is die Sondebok

Volgens die profesie van Jesaja 40:3 was Johannes die stem roepende in die woestyn wat die koms van die “boodskapper” kom aankondig het. Hy tree in die woestyn op om die verlate en ellendige toestand van die volk te beklemtoon. Hy kom om die volk op te roep tot bekering en om hulle te doop as teken van hulle berou en bekering. Maar hy laat alle klem in sy werk val op die Een na hom wat sterker is en kom doen wat net God kan doen, naamlik om met die Heilige Gees te doop.

En let nou maar op: wanneer hierdie Sterkere kom om gedoop te word en Homself sodoende met die volk vereenselwig, dan is daar by Hom geen belydenis van skuld soos by die ander dopelinge nie. Nee, Hy klim dadelik op uit die water, want Hy is die Sondelose. Dan skeur die hemele om te beaam: hierdie Jesus van Nasaret in Galilea is die Een in wie God vreugde het. Op Hom daal die Heilige Gees soos ‘n duif neer. Om wat te doen? Om Hom na die woestyn uit te dryf. Soos die sondebok van die Groot Versoendag, moet Hy, die Sondelose, die skuld van die volk na die woestyn wegdra. Daar moet Hy vir veertig dae die aanslag van Satan ervaar. En Hy doen dit seëvierend. Daar in die woestyn maak Hy Homself bekend as die Oorwinnaar oor die Bose. Hy is Meester oor sy Vader se skepping, want Hy bly saam met die wilde diere. Hy is Here oor die engele, want hulle versorg Hom daar.

Weet en vertrou vandag dat Hy, die Engel van die verbond, gekom het om ook jou sonde weg te dra en deur sy oorwinning oor die sonde en die dood, jou weer met die Vader te versoen.

Sing: Skrifberyming 8:4,5

Ds BC Smit (Brits-Wes)